Postnet 165
Privaatsak / Private Bag X855
Pretoria, 0001

epos / email : *contact@sahomeschoolers.org*
Tel : 082 907 9696

Notule van die AJV van 2008

Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir Tuisonderwys, gehou op 1 Maart 2008 te NG Kerk Wierdapark, Piet Hugostraat, Wierdapark

1. Opening

Daar was ’n misverstand rondom die tyd waartydens gehou sal word. Aangesien daar nie tyd in die agenda was om ’n volledige vergadering te hou nie, is daar ’n kort vergadering met ’n klein groepie gehou, om die essensiële sake af te handel.

2. Vasstelling van die agenda

Die agenda is verkort en soos volg vasgestel:

1. Opening
2. Vasstelling van die agenda
3. Notule van die AJV van 2007
4. Finansiële verslag
5. Voorsittersverslag
6. Verkiesing van Bestuur
7. Afsluiting

3. Notule van die AJV 2007

Die notule is goedgekeur en onderteken. Dit sal gepubliseer word op die vereniging se webtuiste.

4. Finansiële Verslag

Die finansiële verslag is goedgekeur en onderteken.

Tydens die vorige vergadering was daar ’n opmerking dat die Pestalozzi Trust rente aan die vereniging behoort te betaal. Aangesien Pestalozzi Trust die geld van die vereniging die administreer sonder om enige diensfooie te vra, is daar besluit om geen rente te vra nie.

5. Voorsitter verslag

Die voorsitter se verslag is goedgekeur en onderteken. Dit sal gepubliseer word op die vereniging se webtuiste.

6. Verkiesing van bestuur

Daar was ’n versoek van Lorainne van Dyk om aangestel te word as ’n addisionele bestuurslid met die spesiale taak om toegang tot kultuuraktiwiteite vir tuisskolers te bevorder. Hierdie versoek is deur die vergadering goedgekeur.

Nominasies is gemaak vir die bestuur vir 2009 en al die nominasies is gesekondeer. Die name van nomineerders en sekondante word in die tabel hieronder gegee.

Posisie	Bestuurslid	Nominasie	Sekondant
Voorsitter	Bouwe van der Eems	Karin van Oostrum	Niel Bester
Sekretaris	Francois van Deventer	Karin van Oostrum	Lorainne van Dyk
Tesourier	Niel Bester	Karin van Oostrum	Bouwe van der Eems
Addisionele lid	Lorainne van Dyk	Karin van Oostrum	Bouwe van der Eems

7. Afsluiting

Volgende AJV sal DV weer tydens 2009 se Kurrikulum Expo plaasvind.



_____

Voorsitter

15 Maart 2008